# SONDAGSKOOL LES: Jesus die Koning van alle konings

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons dat Jesus nie soos ander konings gelyk het nie, maar dat Hy wel die grootste Koning is wat daar ooit sal wees.

**Ysbreker:**

- **Koning/Koningin wees:** Dink in die groep oor hoe die dag in die lewe van 'n koning/koningin kan wees. Van die oggend wat hulle opstaan tot hulle gaan slaap, hoe dink julle lyk hulle dag?

Kry terugvoering.

Sê: Ek dink ons almal kan saamstem dat koninklikes redelike gemaklike, luukse lewens leef. Het julle geweet dat die Koningin van Engeland nie eens 'n bestuurslisensie of paspoort nodig het nie?

Ons kyk vandag bietjie na Jesus wat die Koning van Konings genoem word en hoe Hy nie heeltemal in Sy tyd op aarde na die tipiese koning gelyk het nie, maar hoe Hy beslis die grootste en beste Koning is.

- **Veelkeuse vrae:** Gee vir elke groep die uitdeelstuk. Hulle moet die regte letter omkring wat die regte antwoord aandui.

Ons gaan gou bietjie kyk na 'n hedendaagse koninklike en sien hoe verskil dit van Jesus toe Hy op aarde was.

Prince George van Engeland:

Hy is in St. Mary's Hospitaal gebore in Engeland. Die hele wêreld het met groot opgewondenheid die geboorte gevolg en dit het 'n groot nuus gebeurtenis geword. Joernaliste het buite die hospitaal uitgekamp om verslag te gee oor George se geboorte.

Voor sy geboorte was daar selfs spekulasie dat sy geboorte die Britse nasionale ekonomie sou lig en nasionale trots sou bring. Daar is spesiale munte gedruk ter viering van George se geboorte.

Daar was geweer saluut skote in die hoofstede van Bermuda, die Brittanje, New Zealand en Kanada en Westminister Abbey en baie ander kerke se klokke is gelui.

En hierdie is net 'n klein bietjie informasie oor sy geboorte.

**Vrae in groepe:**

- Wat dink julle van die twee geboortes?
- Verbaas dit jou dat Jesus se geboorte so anders is as wat ons deesdae sien gebeur met koninklikes en selfs bekendes se kinders se geboortes?

Kry terugvoering.

**Sê:** Baie jare gelede het omtrent elke land 'n koning of koningin gehad wat die land regeer het. Hulle is nie in die amp in gestem nie, maar is gebore in daardie posisie. Hulle het 'n baie belangrike werk gehad, want hulle moes die land regeer en wette maak. Die burgers moes die wette gehoorsaam of dit goed of sleg was.

Lees Fillipense 2:5-8 en Openbaring 19:11-16

**Vrae in groepe:**

- Wat vertel hierdie twee gedeeltes ons van Jesus as Koning?

Kry terugvoering.

Ons idee van koning wees, is heeltemal anders as wat Jesus ons kom wys het. Hy is nederig, en gewillig om ander te help. Hy het selfs Sy dissipels se voete gewas. Maar Hy het al die krag en mag en heers oor alles. Is Hy jou koning?

Sluit af in groepe met gebed.

**Veelkeuse vrae:**

Sirkel die letter wat die regte antwoord aandui:

1. Wat het Jesus se geboorte anders gemaak van ander konings?
    a. Hy is in 'n paleis gebore.
    b. Hy is in 'n stal gebore.
    c. Hy het diensknegte gehad.

2. Wat anders het Jesus se geboorte anders gemaak van ander konings?
    a. Hy is in fyn linne toegedraai.
    b. Hy het 'n land gehad waaroor Hy regeer het.
    c. Hy het nie Sy gesig of naam op enige munte gedruk gehad nie.

3. Jesus is nie net enige Koning nie. Hy is die…
    a. Koning van alle konings.
    b. Koning van Rome.
    c. Koning van Israel

4. Koning Herodes wat daardie tyd regeer het, was…
    a. Hewig ontsteld oor Jesus se geboorte.
    b. Het Josef en Maria na sy paleis genooi.
    c. Oral in die land aangekondig dat Jesus gebore is en 'n vakansiedag uitgeroep.

5. Wat het Herodes beveel?
    a. Dat al die seuntjies van twee jaar en jonger, doodgemaak moet word.
    b. Dat Jesus moet oorneem as koning sodra Hy oud genoeg was.
    c. Dat almal geskenke na Jesus moet bring.